

Dagsê al die belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria,

Frustrasie!! Frustrasie!! Ek wens die ou Pretorianers het beter aanwysings gegee. In die eerste koerante sal iemand bv. adverteer dat hy 'n nuwe winkel open "langs die pakhuis van Marè". Omdat Pretoria toe so klein was, was dit nie nodig om te noem waar die pakhuis van Marè was, of selfs wat die naam of voorletters van Marè was nie. Ek is nou besig om die Volksstem van 1889 te lees. Teen die tyd het dinge al 'n bietjie verbeter. Dieselfde advertensie sal nou lui "in Kerkstraat langs die pakhuis van E.P. Marè en Co". Maar nog steeds geen erf- of straatnummers nie. Erfnummers word wel gebruik by die koop en verkoop van eiendom en ek dink dat straatnummers eers in gebruik gekom het toe daar posaflewering was.

My navorsing het nou 'n ander rigting geneem. Ek is besig om 'n beeld saam te stel van "Wie Wat en Waar in Pretoria 1889". Dit is soos 'n groot legkaart en met behulp van 'n kaart van 1889, die Volksstem van 1889, Lola Dubnston se "Young Pretoria" en my fotos probeer ek al die deeltjies van die legkaart op hul regte plekke kry. Ek is nog net dringend op soek na 'n kopie van "Barnes Transvaal Almanac & Directory" van 1888 of 1889. Weet iemand miskien waar ek dit kan opspoor?

Vandag 'n paar stukkie uit die Volkstem van 1889. Ek het besluit om dit ± in die oorspronklike Hollands te skryf, het net die spelling effe meer te verafrikaans sodat dit makliker verstaan en gelees kan word.

Die heinings van 1889

Op **7 Januarie 1889** word berig dat J. van Zwieten opdrag gekry het om 'n ysterhek rondom die Gereformeerde Kerk op te rig. Daar word ook gevra wanneer sal die slordige draadversperring om die Ned. Gerf. of Herv. Kerk [op Kerkplein] vervang word?

Ek kon fotos van beide kerke opspoor waar 'n heining van pale en draad gesien kan word. Ek plaas net die een omdat die brief andersinds te groot gaan word.



Hier lyk die heining om die kerk op Kerkplein heel skafliek. Die foto is in 1892 of 1893 geneem. Die Ou Raadsaal [gebou 1899 tot 1892] is hier reeds voltooi en die Transvaal Hotel regs van die akkerbome, waar die law Chambers in 1893 of 1894 gebou gaan word, is nog nie afgebreek nie.

Vandag word wegholwagmotors iewers in Potgieterstraat gestuit. In daardie tyd het hulle teen die Kerk se omheining tot stilstand gekom. Die volgende berig is in die Volksstem van **4 Maart 1889**.

Een ongeluk, dat vrij ernstig is, gebeurte met die mailkoets van Heys & Co. die Johannesburg gistermiddag ten 2 ure verlaat. [Heys was die eienaar van Melrose Huis] De koets was beladen met 12 passagiers binne en 4 buiten, benewens de bestuurders die bagage en £5.000 aan spesie. Toen die koets zowat een mijl voorbij Zesmiljenspruit was, kwam men een heuvel af en volgens die meening van enigen de passagiers had die koets door het gewicht wat voorop gepakt was, haar evenwicht verloren – men ging ook niet stadig – het gevolg was dat die koets eerst na achteren slingerde en toe uit die pen van het voorstel gly. Daar het voorstel los van het koets is gingen die paarden daarmee op loop en die koets met haren inhoud tuimelde om. Een van die bestuurders kreeg een der kisten spesie op zijn been dat daardoor gebroken werd. Een dame kreeg een ernstige wond en viel daardoor flauw en ook den heren Geldenhuis en Smit kregen ernstige kwetsuren, de andere passagiers kwamen met den schrik vrij. De paarden liepen Pretoria binnen en liepen in hul vaart een dame, Miss Bird, omver. Op het Kerkplein liepen sij den draad waarmee de Kerk omhein is stukkend, waarop sij gegrepen werd. Inmiddels waren enige heeren uit Pretoria met karren en lantaarns uitgegaan om te zien wat er gebeurde was en ontmoeten die passagiers buiten het dorp, die het gebeure mededeelen. Die mail en bagage werden met een andere koets binnengehaald en die passagiers door Dr. Davidson en Kay in het Pretoria Hospitaal verpleegd.

Op **25 Februarie 1899** word tenders gevra vir die omheining van die kampgronde van die Artilleriekamp met draad. Die volgende spesifikasies word gegee: Omheining bedragt ongeveer 7500 yards, met vier doornraden. Pale moet 5 voet boven den grond, 1½ voet in den grond en zes yards elkander. Palen nie onder 12 duim in omvang, kunnen sijn van olieenhout, karreehout, wild seringhout, boekenhout, kafferwaghteenbeetjehout, of hardekool. [Om te dink dat sulke wonderlike hout vir pale gebuik was!!]

Sonde met die bure was daar ook gewees.

Op **28 Februarie 1889** die volgende berig: Het Muziekkorps van die Staatsartillerie heeft ongetwyfeld in den laaste tijd groote vorderingen gemaakt en men kan met genoegen naar hen luisteren. Als sij echter tot drie uur in den nacht in de nabijheid van iemands slaapkamer staan te toeteren en schetteren, dan is het niet te verwonderen dat zoo iemand den heimlijken wensch koesterd dat er nooit een enkel blaasinstrument in die Transvaal ingevoerd ware. [ongelukkig is dit ‘n naamlose brief, ek wonder waar was die huis?]

In dieselfde koerant ‘n berig onder die opskrif Een mooie grap.

Het schoot dat Dinsdagmiddag omstreeks 1 uur door byna ieder word gehoord, was net meer of minder dan een dinamietskoot, dat door een onhandige koperslager in stad, en dat nog wel in die nabyheid van het Presidentshuis word afgeskote. De bewoners uit de omtrek hebbe hul klage en tereg ook ingedien en gewys op die groot onheil wat sulke roekeloosheid sou kon teweegbring in ‘n vol bewoonde deel van die stad.

By ondersoek blyk dit dat, ten einde een boom te vellen, wat met sy wortels in die klippe vassit, die man ‘n gat in die rots geboor, en te oordeel na die hewige skoot, seker met 2 of 3 patrone gelaai het. Waar moet mens heen as daar so ‘n gevaarlike spel gespeel word met die lewe van jou bure en medemense. Wijd en sijd word klippe deur die lug versprei en op byna elke dak in die omtrek is een of meer klippe gevind. Wie die onbesonnenheid begaan het behoort gestraf te word.

Veilings op Kerkplein

Veilings is gereeld op Kerkplein gehou. Een van die gunsteling plekke was onder die groot akkerbome [daar was eers drie van hulle] in die suid-westelike hoek van Kerkplein. Die plek was dan ook “The Oaks” genoem. Op die foto, op die vorige bladsy van die brief, kan die akkerboom duidelik gesien word. Tydens die bou van die Ou Raadsaal is die gebied toegespan en het die veilings verskuif na die gebied voor die kantoor van J.D. Celliers, wat die veilings aangebied het. Links van die akkerboom op die foto is ‘n dubbelverdieping gebou “The Coffin”. Die ander twee akkerbome is uitgehaal om die gebou, wat eers net een verdieping gehad het, te bou.

Maar soos almal seker weet het die grond nie aan die staat behoort nie maar wel aan die kerk. Die kerk het nie daarvan gehou dat sy grond so gebruik word nie en die volgende kennisgewing het in die koerant van **25 Februarie 1889** verskyn: “Die Ned. Herv. Of Gereformeerde Gemeente van Pretoria belet voortaan die gebruik van Kerkplein vir vendusies of as openbare handelsplaas.” Dan belet die kerk ook enige optrede wat steurend is vir die ongestoorde uitoefening van hul godsdienvierings. Die kennisgewing is namens die kerkraad onderteken deur ouderling H.J. Badenhorst en diaken L.H. Jordaan.

Wat van die saak geword het kon ek tot dusver nog nie vasstel nie. In die daaropvolgende koerante is veilings nog steeds op Kerkplein geadverteer.



Veiling op Kerkplein

Die foto is geneem tussen 1899 en 1902. Die gebou op die voorgrond is opgerig en gebruik deur die bouers van die ou Raadsaal wat die datum van die foto bepaal. Die gebied rondom die akkerboom was toegespan tydens die bouwery en ontoeganklik vir die publiek, daarom dat die veiling hier gehou was.

Die gebou heel links op die foto was Transvaal Board of Executors and Trust Co. In 1889 was C.A. Celliers was die sekretaris van die maatskappy en E.H. Fry die boekhouer. As klerke het daar gewerk H. Hendrikz, G.J. Webb en James Wheeldon. L.F.B. Juta was die “conveyancing clerk”. Die agentskappe wat hulle verteenwoordig het was die Castle Mail Packets, London & Lancashire Fire Insurance Co., London & Provincial Fire Insurance Co., Mutual Life Insurance Society, Phoenix Fire Insurance Co. en Royal Insurance Co.

In die volgende gebou was die afslaer J.D. Celliers en J.H.E. Bal. Op die hoek was die Post Office Bar van E.H. Clark.

In 1889 was die personeel van J.D. Celliers as volg: H.L. Morris, J.P. van der Merwe [boekhouer], J. Heroldt en J.A. Viljoen [klerke], J.D. Celliers [junior klerk], C. George Roux [verkoopsman]

Volgens advertensie in die koerante van 1889 was J.H.E. Bal [kantoor op Kerkplein naby die Pos- en Telegraafkantoor] ‘n vertaler, Finansiële en Algemene Agent, Boedelberedderaar, Auditer en Boekhouer.

Dankie aan almal wat van julle laat hoor het. Groete tot volgende maand. Rosa Swanepoel